BOSCHOEK
Bonsmaras
EN VRIENDE

# PRODUKSIEVEILING

**18 JULIE 2025**
**11:00 TE WARMBAD VEEMARK**
GPS: 24° 54’ 54.2”S 28° 21’ 48.2”E

# GENETIKA FLYER










Indien bouvorm, “flair” en die kombinasie van taurus en indicus eienskappe vir u belangrik is, kyk na die bul. Met 'n pragtige vroegryp mamma AG 15-900 gekombineer met die indrukwekkende LAR 17-467 is u gewaarborg van 'n nageslag wat gaan beïndruk met groei, bouvorm, vel en haar kwaliteit en karkas waardes ver bo die rasgemiddeld.

Bulle van die kwaliteit is nie volop in aanbod nie. Ons behou 'n gebruiksaandeel.










'n Bul vir die wyse stoetteler wat die positiewe bydrae van myostatien in sy kudde reg kan bestuur en behou. 'n Bul met besonderse bouvorm en “presence” waarna ons almal streef. Sy teling kom uit indrukwekkende LAR, AG, ADV en SYF stambome wat geen bemarking nodig het nie.

Die bul is breed en diep en beïndruk vanaf sy bek tot sy stert met gesogte kwaliteite. Sy eie geboortegewig was 35 kg, sy GDT tydens fase D 125 en groei waarde van 128 dui op nageboorte groei sonder om bekommerd te wees oor kalwingsgemak op myostatien normale/volwasse koeie. Ons behou 'n gebruikersaandeel en het reeds saad getap en suksesvol gevries.










Ons kry selde 'n bul met 'n bykans foutlose BLUP- waarde rekord. AH 22-20 is so 'n uitsondering met besonderse indrukwekkende teelwaardes regdeur. Hy is die produk van LAR 14-173 en 'n Chris Welman koei uit die nageslag van AG 03-256.

Die bul is vlesig met 'n manjifieke groeiwaarde van 144 en 'n karkaswaarde van 132, terwyl u sommer die veelbesproke melkwaarde in van u koeie se syfers kan herstel met sy teelwaarde van 111. 'n “Nat” bul aldus Benjamin Bosch.










Op bouvorm 'n lus vir die oog uit 'n pragtige LAR 14-173 dogter en AG 15-215 as vaar. 'n Mediumraam en vroegryp bul met pragtig gebalanseerde BLUP teëlwaardes waarvan karkaswaardes grootliks uitstaan.

Ons verwag baie van AH 22-13 in terme van nageslag-kwaliteit en retensie, veral vanweë sy manlike kop en sterk oogbanke, mooi verdonkering, donker pigment en algemene gesogte bouvorm.



## LOT 10
# AH 22-030



**VAAR** LAR 17-394



**MOER** AH 19-078

Ons het AH 22-30 vanweë sy goeie bouvorm, gebalanseerde teëlwaardes en kalwingsgemakwaarde met groot sukses op verse gebruik. Met 'n kalwingsgemak waarde van 121 en 'n GDT van 111 dink ons die kombinasie van LAR 14-64, LAR 17-394 en LAR 14-173 het bykomend mooi saamgevloei ten einde bouvorm, veldhouvermoë, na-geboortegroei en vroegryp eienskappe vas te lê.

Hy teel breedte en vol binne- en buitedye, terwyl hy myostatien normaal toets. Ons behou 'n gebruikersaandeel.



## LOT 15
# AH 22-038



**VAAR** AH 19-126



**MOER** SYF 13-222

Erfdwang is 'n eienskap wat ons almal nastreef as eienskap wanneer parings oorweeg word. Hierdie bul moet oor erfdwang beskik met bewese stamvaders soos LAR 06-34, LAR 08-69, SYF 10-72 en LAR 06-141. Daarmee saam beskik hy oor een van ons mooiste moeders SYF 13-222 (SYF 10-72).

Hierdie bul het bouvorm en breedte en is baie korrek wat hy verseker gaan oordra na die volgende geslagte. Met 'n geboortegemak-waarde van 108, matige groeiwaardes en mediumraam statuur is dit ons opinie dat hy met groot vrug op myostatien normale volwasse vroulike diere gebruik kan word.



## LOT 1
# AH 22-036



**VAAR** LAR 17-394



**MOER** AH 19-138

Mike Killassy het ons gevra om met een van ons beste bulle op aanbod die veiling te open. 'n Bul wat ons op 15-18 maande verse gebruik het as opvolgbul en ons verwag baie van die jongman. Sy stamboom dateer terug na die bekende LAR 06-34, LAR 09-281 en dié se seun LAR 14-64 en kleinseun LAR 17-394, terwyl sy ouma aan moederskant CEW 15-24 een van die mooiste koeie in ons kudde is en telkemale verskyn in stambome van bogemiddelde diere. Bykomend staan AG 12-720 aan moederskant bekend vir die teel van gesogte vervangingsdiere vanwee sy kapsiteit en bouvorm. AH 19-138 se TKP verdien begrip gegewe dat sy 4 kalwers in drie kalwings ('n tweeling) gehad het en steeds 103 speenindeks oor drie gespeende kalwers behaal het. Derhalwe het sy fisies 4 kalwers in 5 jaar gehad en het 'n rustyd na die tweeling verdien.

AG 22-36 beskik oor goed gebalanseerde teelwaardes, 'n besonderse funksionele bouvorm, 'n mooi onderlyn, 'n manlike kop, viriliteit en donker pigment met 'n gladde haarkleed. Ons het baie vertroue in die bul en behou 'n saadaandeel vir toekomstige gebruik. Reeds getap en gevries.



## LOT 12
# AH 22-146



**VAAR** LAR 14-173



**MOER** AH 17-104

So nou en dan gebeur daar 'n bietjie “magic” wanneer die regte genetika saamkom. AH 22-146 is vir ons so 'n geval. Benjamin Bosch het 'n top bouvorm bul WBB 12-454 uit die bekende LAR 06-83 geteel waaruit 146 se moeder AH 17-104 geteel is. Haar gekombineer met die bekende LAR 14-173 het ons die resultaat van bouvorm, groei, karkaswaarde en sommer bogemiddelde teëlwaardes en bouvorm in elke kriterium besorg.

Indien die bul nie sy kwaliteite oordra nie, is erfdwang onder erge verdenking.










LAR 14-173 het 'n reuse impak in verskeie kuddes gemaak en sal vir nog lank in Boschoek gebruik word vanweë sy waarde-toevoeging. Hier is nog 'n voorbeeld waar die kombinasie van LAR en AG gene vir ons die gewensde nageslagproduk opgelewer het.

Gebruik die bul as jy speenkalwers met goeie karkaswaardes(151) groei en bouvorm wil teel. Daar is min bulle met 'n groeiwaarde van 153 terwyl sy geboortedirekwaarde 101 is. Ons het baie vertroue in die bul se stamboom en voorspelbaarheid van toekomstige sukses.










Ons eerste LAR 17-358 seun op veiling uit een van ons beste koeie AH 18-41 uit SYF 13-233. Beter gebalanseerde BLUP syfers kan ons nie voor vra nie en PJ Budler sal in sy skik wees met die wins teelwaardes van vrugbaarheid indeks 125 en lanklewendheid indeks van 116. 'n Bul vir kalwingsgemak "par excellence" (115) met uitstekende nageboortegroei (112).

Hierdie jongman behoort uitstekende vroulike nageslag te teël en met 358 se besonderse vroulike nageslag en sy vroulike mamma (wat ons onlangs geaspireer het vir embrio's) is die waarskynlikheid baie groot.










Indien bouvorm, veldhouvermoë en vrugbaarheidswaardes u fokus is in terme van genetika-verkryging, oorweeg dan die bul. Sy vader AH 19-107 is die produk van LAR 14-173 en GEL 11-100, en word allerweë as een van die beste LAR 14-173 in die bedryf geag.

Jean Gouws besit tans 19-107 waar die bul reeds diep spore trap soos ook elders by 'n aantal semen aandeelhouers. Ongeag 22-76 se Q204 status, beskik hy oor 'n geboortegemakwaarde van 104 wat hom geskik maak vir gebruik op myostatien normale koeie.

Kyk gerus na die bul se manlike kop, sterk oogbanke, besonderse vel en haar, goed gevormde testes en breedte, kapasiteit en liggaamsdiepte.










Hierdie bul se stamboom skreeu van bewese bloubloedlyne uit LAR, SYF en ADV genetika. Voorts praat die BLUP waardes saam wat nageslagsukses sal verhoog. Die kritiese teelwaardes is net waar ons dit wil hê met 'n goeie geboortegemak-waarde, gekoppel aan bogemiddelde groei en karkaswaardes daarna.

'n Bul met 'n besonderse korrekte bouvorm wat vir u goeie vroulike nageslag met veldhouvermoë gaan teel en ons voorstel is weer om die bul op myostatien normale koeie te gebruik vir wins in u kudde.

## LOT 14
# AH 22-145









‘n Myostatien normale, vroegryp bul uit LAR 14-173 wat die oog vang met sy besonderse korrekte bouvorm, vel en haar kwaliteit en mooi kapasiteit. Hy gaan vir u bogemiddelde vervangingsdiere teel as ons na sy voorkoms kyk en sy stamboom evalueer. Sy BLUP syfers is onverbeterlik in balans indien u nie korrektief wil regstellings maak nie. Die voordeel van die bul is dat u hom as kalwingsgemakbul kan gebruik op 18-24 mde verse.

## LOT 20
# AH 22-160









Nog 'n indrukwekkende AH 19-107 seun uit twee besonderse grootouers LAR 14-173 en SYF 15-134, en dan figureer die bekende LAR 04-172 ook aan moederskant. Die vroegryp bul beïndruk met breedte en kapasiteit en kan veral gebruik word indien u groterraam koeie korter-op-die-been wil teel sonder om in te boet op gewig en bouvorm.

Let veral op na sy mooi gebalanseerde teelwaardes waarvan vrugbaarheid, koeiwaarde, groei en karkaswaardes uitstaan. 'n Donker bul met goeie kloue en goeie kapasiteit wat op die veld kondisie sal hou.

## LOT 9
# AH 22-104









‘n Bul wat vanaf geboorte uitstaan in terme van algemene bouvorm, breedte en veldhouvermoë. Sy moer SYF 13-24 is ‘n pragtige vroegryp, vrugbare en funksioneel doeltreffende koeitjie met ’n kalfrekord van 10 kalwers oor 11 jaar en ‘n interkalf periode van 370 dae. Sy bouvorm is indrukwekkend en indien die myostatien beheptheid en wanopvattings buite rekening gelaat word, sou die bul tot sy volle reg kom. Sy eie geboortegewig is 36 kg wat baie na aan rasgemiddeld is, maar sy speen (112), naspeengroei (129) en karkaswaarde (118) is indrukwekkend wat die LAR 14-173 se genetiese tendens van laer geboortegewig, maar met bogemiddelde groei daarna bevestig.

AH 22-104 is ’n vroegryp formidabele bul met ‘n sterk manlike kop en diepte en breedte van lyf. Hy beskik oor goed ontwikkelde binne en buitedye en ’n besonderse liggaamsbalans en spog met ‘n lengte hoogte verhouding van 1,31. Vergeet die doemproefete se napraat oor myostatien en bele in bouvorm en kwaliteite wat jou as beesboer se langtermyn volhoubaarheid gaan ondersteun. Uiteraard met nugterheid oor paring met myostatin normale vroulikediere.

## LOT 3
# AH 22-059









Ons gebruik elke jaar van die fase D bulletjies wat op bouvorm en teelwaardes kan waarde toevoeg. AH 22-59 is 'n myostatien normale bul uit AH 19-107 uit LAR 14-173 en SYF 15-134 – een van die mooiste koeie in die kudde.

Met 'n geboorte-gemakwaarde van 109 en gemiddelde groeisyfers was hy aangewese om op 15-18 maande oue verse te gebruik en die nageslag lyk goed.










Ons het saam met Jean Gouws 'n bul SYF 19-007 by Syferfontein – Nico Pieterse - gekoop wat uit die alombekende ADV 10-321 stam en wat vir ons baie korrek geteel het. AH 22-54 is 'n voorbeeld hiervan, veral in kombinasie met LAR 14-173 genetika.

Indien u in die speenkalfbedryf wil impak maak met groei en indrukwekkende karkas kwaliteite, moet u hierdie bul ernstig oorweeg. Baie potensiaal in beide BLUP waardes en pragtige korrekte bouvorm.










'n Vroegryp, mediumraam myostatien normale bul uit die bekende LAR 14-200 in kombinasie met die alombekende bouvorm bul, SYF 10-78 wat een van ons gunstelinge is, sou u vervangingsverse wil teël.

AH 22-85 se ouma aan vaderskant LAR 10-152 is sonder twyfel een van die suksesvolste en funksioneel korrekte koeie in die Bonsmara bedryf met 'n interkalf periode van 385 na 12 kalwers in 14 jaar.

'n Veilige kalwingsgemak bul wat u nie sal teleurstel nie.

BOSCHOEK

Bonsmaras



LOT 41

## AG 22-806

Hierdie is 'n mooi donkerrooi dragtige vers met baie goeie groei en genoeg melk.

Haar moeder het vir ons sewe kalwers gegee met 'n gemiddelde TKP van 364 dae oor 7 kalwers, haar gemiddelde speen indeks was 100/7.

AG22-806 het baie goeie Seleksie waardes, o.a. – 112 vir Koei waarde - wat bevestig hoe goeie moeder sy het. Haar vader is AG17-12 van wie ons 76 kalwers geregistreer het. Hy was net soos sy vader (AG11-192 – 128 kalwers geregistreer), 'n donker rooi bul met baie goeie diepte en kapasiteit. Hierdie vader lyn teel vir ons konstant goeie diere en veral baie goeie verse met diepte en kapasiteit.

Myostatien is normaal.



LOT 32

## AG 20-688 + AG 24-540

Hierdie is 'n mooi, gebalanseerde koei met 'n pragtige balans, top lyn en vroulikheid. Haar teelwaardes is baie mooi gebalanseerd met geen uit skieters na onder of na bo nie. Haar vaar is AG14-46 wat vir ons ook baie mooi geteel het. Normaal vir Myostatien.

Die verskalf aan haar sy is 'n top kalf met baie potensiaal. Haar vaar was 'n uitstaande bul van dat hy 'n kalf was – hy kom weer uit AG17-19 (die koper bul).

Hierdie is 'n mooi "pakkie" wat in enige stoet sal inpas.



LOT 30

## AG 20-447 + AG 24-610

Weereens 'n pragtige koei met 'n mooi top lyn, baie mooi diepte en perfekte uier en spene. Sy is ook 'n dogter van AG14-46. Haar ouderdom met eerste kalwing was 24 maande, TKP van 381/3 en speen indeks van 104 oor 3 kalwers. Haar teelwaardes is ook mooi gebalanseerd en kan in enige kudde werk. Normaal vir Myostatien.

Haar bulkalf met ook mooi potensiaal, kom uit die bekende AG13-24 bloedlyn. Uit hierdie bloedlyn gebruik ek 8 seuns oor tyd. Van my beste bulle kom uit hierdie kalf se oupa – AG17-106. Omdat moeder en vader normaal is vir Myostatien sal hierdie bulkalf ook normaal wees vir Myostatien. Mooi donker rooi met swart pigment – soos wat meeste van ons verkies.



LOT 57

## AG 21-684 + AG 24-622

'n Jong koei met haar eerste kalf. Sy is mooi vroulik met 'n goeie top lyn en 'n uier wat behoort te hou totdat sy 'n ou koei is. Hierdie koei se vaar is AG18-1077 wat uit die bekende AG08-210 (uit Hansie Steyn) kom. Uit vaar en moeder kant van haar stamboom is daar baie goed bewese diere. Haar seleksie indekse is ook baie mooi met bv. Koei waarde=108, kalf groei waarde=112, melk waarde=102 en speenkalf waarde van 115.

Haar bulkalf het ook potensiaal – hy is 'n seun van SBB18-6 wat van Namibië af kom. Hy kom uit die AG11-38 bloedlyn wat onsself, Gerhard Strydom en Jacques Pienaar gebruik het. Jacques het vir my kort gelede nog 'n foto van AG11-38 gestuur – hy gebruik hom nog op 14 jaar! Hou maar hierdie bulkalf dop.



LOT 31

## AH 20-078

Die LAR 14-173 aandeelhouers kry gereeld versoeke vir 173 vroulike nageslag vanweë die skaarsheid daarvan. Die antwoord is gewoon omrede dit unieke en waardevolle diere is waarmee ons graag wil teel. AH 20-78 is een van die koeie in die Boshoek kudde. Teelwaardes onverbeterlik en bouvorm wat die teelwaardes ondersteun.

Koop haar en kry die voordeel van bewese en gesogte LAR genetika in jou kudde (LAR 14-173; 10-159; 07-55; 08-54; GCD 05-148, ens.)



LOT 33

## AH 20-133

Ons was bevoorreg om 'n klomp SYF en ADV koeie by Nico Pieterse aan te koop. So 'n geleentheid gebeur selde en ons is dankbaar daarvoor. Die grootste bydrae wat die inspuiting in ons kudde gebring het, is bouvorm, veldhou-vermoë en diep bewese stambome.

AH 20-133 is 'n sprekende voorbeeld hiervan as resultaat van genetika uit SYF 10-72; ADV 06-174; AG 02-251; SYF 07-36 en SYF 02-51. Sy is 'n toonbeeld van vroulikheid uit vrugbare koeilyne.



LOT 34

## AH 20-167

'n Besonderse sag op die oog koeitjie uit onder andere AG 07-745 wat diep spore in die bedryf getrap het. Haar moeder GEL 12-117 is 'n vroulike wigvormige koei wat ons by Kriek aangekoop het en elke jaar vir ons 'n goeie kalf teel.

Weereens staan vrugbaarheid uit. Haar vader AH 17-51 uit AH 11-263 het ons na Fase D gebruik, primêr op grond van sy bouvorm kwaliteite.



LOT 35

## AH 21-141

'n Koeitjie wat 'n tweeling met gesamentlike speengewigte van 452 kg gekorrigeerd gespeen het en binne 353 dae na eerste kalwing weer gekalf het, verdien vermelding in terme van vrugbaarheid en moederseienskappe.

Haar bouvorm verteenwoordig beide die LAR 14-173 aan vaderskant en CEW 14-115 aan moederskant tipe van lengte en breedte sonder om vroulikheid in te boet. Kyk gerus na die kalf aan haar sy---kwaliteit!



LOT 36

## AH 22-011

ADV 07-145 haar oupa aan moederskant – se erfdwang is beroemd in die ras. Voeg dan LAR 17-467 uit LAR 14-64, LAR 09-281 en LAR 07-55 by en die voorspelbaarheid van sukses met teling raak al beter.

Sy is vroulik en mooi wigvormig en het onlangs haar eerste kalf gespeen met 'n indeks van 106/1. Haar lanklewendheid, groei en karkaswaardes staan uit.



LOT 47

## AH 22-107

LAR 14-64 is bekend in die teël van uitstaande diere. Voeg dan nou CEW 15-24 met al haar "fancy looks" en bewese teling by en die resultaat is 'n besonderse vroulike en wigvormige koei.

Haar syfers is waar ons dit in balans wil hê. Sy gaan ongetwyfeld mooi maak waar sy gaan, gegewe dat sy pas gespeen het (105/1). Ons teel graag met sulke koeie!



LOT 38

## AH 22-103

'n Vers wat ons moeiliker aan die mark afstaan, gewoon vanweë elke goeie rede hoekom 'n teler vroulike diere terughou vir teling. Vanaf uitsonderlike teelwaardes tot ongelooflike bouvorm verteenwoordig sy alles waarmee ons op wil voortbou in die kudde.

Haar stamboom is deurspek met bewese genetika uit gesoute telers se kuddes. Ons sal die tipe graag wil vermeerder.



LOT 43

## AH 22-041

'n Eerstekalf-koeitjie wat gespeen het op 115/1 en so vinnig herstel, moet gereken word. Sy is vroulik, wigvormig en beskik oor 'n enorme kapasiteit wat uit die stamvaders LAR 06-34; AG 12-270 en AH 19-126 oorgedra is.

Haar mamma AH 13-30 is een van die staatmaker koeie met 10 kalwers in 12 jaar en 'n TKP van 383 dae. 'n Geen risiko koeitjie!




Afgesien van die beproefde en bewese bulle soos LAR 14-64; LAR 17-467 en LAR 07-55 is AH 23-34 se moeder AH 19-26 'n pragtige koei wat jaar na jaar 'n bogemiddelde kalf speen en vir ons 'n goeie kandidaat vir ons embrio program verteenwoordig.

'n Goed gebalanseerde vers, beide in teelwaardes en bouvorm met goeie veldhouvermoë, breedte en vel en haar kwaliteit.




Daar is min bulle wat tot dusver die kwaliteit vroulike diere teel soos LAR 17-358. Hierdie bul het ons op elke vlak verras en ons is dankbaar teenoor Derek en Tutu dat hulle 17-358 aan die Bonsmara telers beskikbaar gestel het om hierdie besonderse genetika op grootskaal te dupliseer.

AH 23-149 se stamboom, BLUP waardes en bouvorm is uitsonderlik. Kyk na haar en deel in ons vreugde van goeie genetika en die vreugde van besonderse nageslag.




'n Uitstekende kombinasie tussen LAR 17-358 en LAR 14-173 met 'n dubbel dosis van LAR 10-159 aan beide geslagte van een van die mees indruk-wekkende koeie in die ras.

Hierdie vers is genomineer en weer onttrek en weer genomineer omdat ons haar graag in die kudde wou behou vir ons embrio program, maar tog ook aan die industrie iets uniek wil beskikbaar stel. Hier is 'n unieke geleentheid om spesiale genetika te bekom.




'n Dubbel dosis genetika van twee kuddevaders wat beide bekend staan vir die teel van uitsonderlike vroulike diere. Christof Smit kan getuig van die erfdwang en teel van kwaliteit vroulike diere uit LAR 17-467 en die nageslag van LAR 17-358 is gewoon indrukwekkend.

Vrugbaarheid, groei, karkaswaarde en algehele bouvorm staan uit in die vers.



## LOT 55
# AH 23-167

'n Pragtige vrugbare jong versie uit beproefde SYF en ADV genetika. Teelwaardes bykans onverbeterlik en bouvorm waarna ons streef met wigvorming en kapasiteit wat uitstaan.

Haar moeder AH 20-113 is onlangs deur Embryo Plus geaspireer vir ons embrio program, gewoon vanweë haar mediumraam en vroulike bouvorm.

Op 19 maande is sy reeds 5 maande dragtig en gaan sy dus op ongeveer 2 jaar haar eerste kalf produseer. Nie ons ideaal nie, maar PJ Budler het ons aangeraai om die vroegryp mediumraam diere vroeër te paar.



## LOT 52
# AH 23-116

'n Breë mediumraam, vroegryp vers uit 'n koeitjie AG 19-333 wat ons op nasionale veiling gekoop het van Authur de Villiers en wat vir ons pragtige nageslag teel.

Aan vaderskant figureer die alombekende LAR 14-200 en aan moederskant ADV 07-154 en AG 14-92 wat geen bekendstelling nodig het nie.



## LOT 56
# AH 23-003

Aan vaderskant uit SYF 15-97 en aan moederskant uit AG 11-61 voorgeslagte wat haar kwaliteite van groei, bouvorm en vroulikheid vaslê.

AG 11-61 het by ons uitsonderlike diere geteël met al die kwaliteite waaroor vroulike diere moet beskik. Teelwaardes is in balans en grootliks waar ons dit wil hê.



## LOT 37
# LAR 22-168

7 months in calf to LAR21-336. (Lot 1 on 2025 Production Sale) Due to calve in August 2025.

Daughter of LAR20-058 and Granddaughter of LAR17-263 (son of LAR14-173). Dam line of Lot 37 is an excellent combination of genetics with herd sires LAR15-290 and LAR08-50 and 2 Elite Gold grandmothers LAR06-419 (97/13 calves) and LAR06-227, (102/12 calves). Milk and longevity.



## LOT 42
# LAR 22-215

7 months in calf to LAR20-385. (Lot 10 on 2025 Production Sale) Due to calve in August 2025.

Daughter of LAR19-319 (brother to LAR14-173 and LAR17-358. Same dam LAR10-159). Dam line stems from Elite Gold cow LAR05-257, 104/14 calves. A high producing family with exceptional milk on both sides, growth and adaptability.



## LOT 46
# LAR 22-186

7 months in calf to LAR21-336. (Lot 1 on 2025 Production Sale) Due to calve in August 2025.

Daughter of LAR20-058 and Granddaughter of LAR17-263 (son of LAR14-173). Lot 46's dam LAR19-309, a beautiful daughter of LAR14-106 out of Elite Silver cow LAR12-371, 101/7 calves. Grandmother is Elite Gold cow, LAR05-375, 106/12. A family with milk and fertility.



## LOT 40
# LMR 22-217

Another feminine and fertile daughter of the sire LMR16-124 with 'MIDDLE OF THE ROAD' traits. Her straight back being complimented by her exceptional depth and width. Smooth hide and hair show her adaptability to the surroundings. Use a bull with growth on her and the progeny will astound you. Her mother (sired by AG13-392) did fairly good in the herd with AFC of 29 months, produced 5 offspring with 80% selected, I.C.P of 416 days and AWWI of 94%. The grandmother, LMR09-249 weaned 8 calves at age 10 with I.C.P of 371 and AWWI of 95%.

Notable is the fact that her sire, LMR16-124, after producing 128 calves, was replaced by his son, LMR18-42 (sire of the top bull on our production sale 2025) which sires small calves that are strong and agile after birth.



## LOT 45
# LMR 22-277

By verse kyk mens veral na die moederlyn vir vrugbaarheid, melkproduksie en moedersinstink. LMR17-111 die ma van die vers, is 'n goeie voorbeeld van 'n kombinasie van AG en RCO gene ten einde 'n sterk moederlyn te vestig. Haar prestasie met 5 nageslag, van 100% goedkeuring (gem. visuele punt van 7), T.K.P. van 360 dae en gemiddelde Speenindeks van 104, beklemtoon die eienskappe.

Aan vaderskant (LMR16-124) sien ons die kombinasie van 'n baie manlike donker bul, RCO98-053 (met vader AGJ8) wat alom bekend is en in Joggie Briedenhann se kudde 'n groot bydrae gemaak het, asook die alom gerekende TBR91-704 ('google' gerus) alias, die Trein, met sy besonderse bouvorm en nageslag retensie.

In LMR22-277 se are vloei die kombinasie van al hierdie Bonsmara 'blou bloed' wat haar fenotipe komplimenteer, so sy moet presteer!!



## LOT 50
# TMB 23-281

'n Besonderse vroegryp, wigvormige vers uit gerekende genetika wat beindruk met breedte en diepte van lyf.

Die voorspelbaarheid van telingsukses is gestel in die stamboom voorkoms van bewese genetika aan beide vaar en moeder kant met voorgeslagte soos TOR 07-49, CEF 13-363 en CEF 13-584 wat diep spore oor 'n verskeidenheid van kuddes getrap het.

Sy beskik oor bykans foutlose teelwaardes ten opsigte van koeiwaarde, groei, vrugbaarheid, kalwingsgemak en veldhouvermoë en haar bogemiddelde karkaswaardes strook met 'n mooi balans tussen bespiering en bevlesing eienskappe. Haar pragtige vroulike kop en opvallende kapasiteit staan uit as gesogte fenotipiese eienskappe wat ons almal nastreef.



## LOT 48
# TMB 23-301

Ons streef maar almal na teeldiere met besonderse erfdwang ten einde die nageslag sukses en eenvormigheid te verseker. Vir die doel gebruik ons bewese genetika met retensie van bogemiddelde nageslag. TOR 07-49 en CEF 10-304 val ongetwyfeld in die kategorie en is met groot sukses in 'n aantal gerekende kuddes gebruik.

TMB 23-301 is vroulik met 'n besonderse lengte van lyf en kruis ontwikkeling. Op teelwaardes is haar prestasie en voorspelbaarheid van teling goed vasgelê met veral indrukwekkende groei, koei, karkas en speenkalf-waardes.
'n Vrugbare vers wat 'n bydrae in u kudde kan maak.



## LOT 39
# WBB 22-333

Hierdie 1ste kalfkoeitjie is goed gebalanseerd, mooi pigment en sterk lyn geteel met LAR 12-33 en LAR 14-173 aan Vaderskant en weer LAR 12-33 en LAR 14-200 aan moederskant (Bloubloed).

Wat syfers aanbetref is dit waar ons dit wil hê met al die indekse wat bo 100 meet. Genotipies en Fenotipies in die middel van die teerpad. In kort sy is 'n ware Lady!!



## LOT 44
# WBB 22-374

Nog 'n LAR 14-173 kleindogter en weereens aan vaderskant dieselfde ma as lot 39 WBB 15-227. Een van my beste koeie in my kudde.

Aan moederskant 'n goeie kombinasie van Sernick en Fourie Scheepers. Haar vrugbaarheid spreek vanself en loop hand aan hand met haar vroulikheid en balans.

VLEISSENTRAAL

BOSVELD


**CAREL CHALMERS**

082 896 9586